

- OPSPRAAK:** Iets het opspraak verwek: Veroorzaak dat die mense daarvan praat: To cause a sensation.
- OPSTOPPER:** Iemand 'n opstopper gee: Iemand 'n vuisslag gee: To give a person a smack.
- OPVYSEL:** Iemand (iets) opvysel: Iemand (iets) baie prys: To puff, extol.
- ORRELSTRYK:** Alles het orrelstryk gegaan: Alles het baie goed afgeloop: Everything came off with the greatest success.
- OS:** Van die os op die esel; Van die os op die jas: Van een onderwerp, sonder voorbereiding na 'n ander oorgaan: To ramble from one subject to another.
- Soos 'n os neerslaan:** Meteens hard op die grond val: To fall on the ground with all one's weight.
- Ploeg met die osse wat ons het:** Ons bes doen met wat ons het: To exploit what we have.
- Jong osse inspan:** Opbring: To vomit.
- Hy span eers sy ossies goed agtermekaar:** 'n Afwagtende houding aanneem: See which way the cat jumps.
- OULD:** Iemand vir oud en nuut straf: Iemand straf vir kwaad wat hy lankal en ook vir wat hy nou net gedoen het: To punish somebody for all his past sins.
- 'n Mens is nooit te oud om te leer nie:** 'n Mens kan altyd iets leer, al is hy ook hoe oud: One is never too old to learn.
- Oud voor sy tyd:** Ouderwets wees of hom soos 'n oumens gedra: To be old-fashioned for one's years.
- Ouer as twaalf wees:** Ervare wees: Not as green as one might think.
- Soos die oude songe, so piepe de jonge:** Die kinders praat hulle ouers altyd na: As the old cock crows, so crows the young.
- Die oudste word onterf:** Iemand te kort doen: To cut one off with a shilling.
- OUER:** Ouers vra: Die ouers se toestemming vra vir 'n huwelik: To ask the consent of the parents.
- OUGRAS:** Iemand is in die ougras: Heeltemal verkeerd wees: To be on the wrong track.
- OULAAS:** Vir oulaas: Vir die laaste maal: For the last time.
- OUMA:** Jy sal jou ouma vir 'n eendvoël aansien: Kyk Eend.
- OUMEIDE:** Dit reën oungeide en (met) knopkeries: Dit reën baie of dit reën hard: It is raining cats and dogs.
- OUPA:** My oupa se hond en sy oupa s'n het saam aas weggesleep: Ons is baie ver langs familie: We are distantly related.

OUPAD: Jy is nou heeltemal in die oupad (gew. met toevoeging Columbus het nie die Kaap ontdek nie): Jy vergis jou heeltemal: You are quite off the rails; you are on the wrong tack.

P.

PAAI: Iemand paai: Met mooi woorde iemand probeer tevrede stel of tot bedaring bring: To soothe a person.

PAAIBOELIE: Dis maar 'n paaiboelie: Dis bedoel om iemand bang te maak: It is a mere bugbear.

PAAIE: Die ou paaie verlaat: Die ou sedes en gewoontes verlaat: To forsake the old ways (customs).

PAAL: Nie die paal haal nie: Nie die doel bereik nie: Not to reach one's goal.

Paal en perk stel: Dit kragtig teenwerk: To put a check on.

PAD: 'n Pad deur die opponente loop: Hulle maklik wen: To give a sound licking.

Iemand in die pad steek: Iemand ontslaan of afsê: To give a person the sack.

In die pad staan: Hinder: To be in the way.

Met iemand 'n paadjie loop: Iemand slaan of berispe: To punish or rebuke a person.

PADDA: So skurf as 'n padda: Baie skurf: Very scurfy.

Lyk soos 'n opgeblaasde padda: Kwaad lyk: To be much annoyed.

Van 'n padda (skilpad) vere probeer pluk: Die onmoontlike wil kry: To try to do the impossible.

'N PADDASLAGTER: Gesê van 'n baie stomp mes: A very blunt knife.

PADLANGS: Padlangs loop: Eerlik handel: To act in an honest way.

Padlangs praat: Reguit wees: To be straightforward.

PADLOPER: 'n Regte ou padloper: Iemand wat rondloop sonder werk: A regular tramp.

PAG: Maak asof hy al die wysheid in pag het: Maak asof hy alleen slim is: To pretend to be mighty clever.

PAK: Pak kry: Ver verloor: To get a thorough beating.

'n Pak op sy tyd is soos brood en konfynt: 'n Kind moet gereeld gestraf word: Spare the rod and spoil the child.

'n Pak van iemand se hart: 'n Hindernis wat weggenem is: A load off one's shoulders.

Elkeen moet sy eie pakkie dra: Elkeen moet sy eie moeilikhede dra: Everyone must bear his own burden.

- PAL:** Pal staan: Vas, onbeweeglik wees: To stand firm.
- PALJAS:** Paljas dra: Toor: To practise magic.
- PALM:** Die palm wegdra: Die oorwinning behaal: To gain the victory.
- PALMIETSOP:** Baie jong wyn: Unfermented wine.
- PAMPERLANG:** By iemand pamperlang of Pamperlangpraatjies verkoop: Deur mooi woordjies in iemand se guns probeer kom: To flatter a person.
- PAMPOEN:** Nie vir 'n kou pampoenskrik nie: Nie sommer skrik nie: Not to be frightened by trifles.
 'n Pampoensbril ophê: Nie iets sien wat vlak voor jou lê nie: To walk with your eyes shut.
- PAN:** In die pan hak: Almal doodmaak: To cut to pieces.
- PANNEKOEK:** So plat soos 'n pannekoek: Baie plat: As flat as a pancake.
- PANTOFFEL:** Die arme kêrel staan onder die pantoffel (of onder pantoffelregering): Sy vrou speel die baas oor hom: The poor fellow is under petticoat government; he is hen-pecked.
- PAP:** As dit pap reën moet jy skep: 'n Mens moet van elke geleentheid gebruik maak: Strike while the iron's hot.
 'n Pap kêrel: Iemand op wie jy nie kan reken nie: A milksop.
 Praat of hy warm pap in sy mond het: Baie onduidelik praat: To talk indistinctly.
 Pap voel: Gedaan, afgemat voel: To feel worn out.
 Pap word altyd warmer gekook as dit geëet word: 'n Saak word altyd erger gemaak as wat dit regtig is: People always exaggerate.
 As die pap dik is, brand dit aan: As 'n persoon baie omgang het met 'n ander, begin hy hom te verag: Familiarity breeds contempt.
- PAPBROEK:** 'n Persoon op wie 'n mens gladnie kan staat maak nie; iemand sonder beginsels: A coward; a man without principles.
- PAPELLEKOORS:** 'n Voorgewende siekte: A feigned illness.
- PAPIER:** Papier is geduldig: 'n Mens kan enige onsin skryf: Paper won't blush.
- PAPLEPEL:** Dit met die papepel ingee: Dit van jongsaf leer: To take it in with one's mother's milk.
 Sy ouma die papepel leer vashou: 'n Ervare persoon probeer leer: To teach your grandmother to suck eggs.
- PAP-KLAAS:** 'n Persoon op wie 'n mens nie kan staat maak nie: A real milksop.

PAPPOT: So lang as die lepel in die papot staan (draai): So lank as ons nog kos het om te eet: While we have food we are contented.

'n Mens moenie almal uit een pappot wil eet nie: Twee famielies moenie onderling wil trou nie: Two families should not intermarry.

PARTE: Iemand parte speel: Iemand kul: To play a trick upon a person.

PARTY: Party kies vir iemand: Aan sy kant staan, hom verdedig: To side with a person.

Party mense dink: Daar is mense wat dink: Some think.

Party getrek: Voordeel probeer trek: To take advantage of.

PAS: Dit kom goed te (van) pas: Dis net wat nodig is: That comes in very handy.

Iemand die pas afsny: Iemand verhinder om sy planne verder voort te sit: To take the wind out of a person's sails.

PASOPPENS: Jy moet in jou pasoppens trap (bly): Jy moet versigtig wees, dat jy niks verkeerds doen nie: You have to mind your P's and Q's.

PASPOORT: Iemand sy paspoort gee: Iemand ontslaan of afsê: To give somebody the sack.

Meen dat hy 'n paspoort hemel-toe het: Dink hy is baie beter as ander mense: To think yourself far superior to others.

PATAT: Met die hele mandjie patas (patatas) te voorskyn kom (op die lappe kom): Die hele ding vertel net soos dit gebeur het: To bring out the whole story.

PÊ: Pê voel: Gedaan, afgemat voel: To feel seedy.

Nie pê kan sê nie: Baie verleë wees: He cannot say boo to a goose.

PEER: Met die gebakte pere bly sit: Opgeskeep sit met iets: To be saddled with.

PEETJIE: Loop na jou peetje (peet): Gaan na die hoenders: Go to the devil!

Ek het my ou peetje (peet) daar afgewag: Ek het baie lank daar gewag: I waited there for a very long time.

PEIL: 'n Mens kan nie op hom (iets) peil trek nie: 'n Mens kan nie op die persoon (ding) staat maak nie: Not to be able to rely upon a person (thing).

PEN: Hy ry (is) aan die pen: Hy word berispe vir wat hy misdaan het: To have to account for.

PENKOP: 'n Jong, onervare persoon: An inexperienced youth.

'N PENLEKKER: Iemand wat sy lewe met die pen maak: A pendriver (clerk).

PENORENT: Penorent loop (ens.): Heeltemal regop: To walk up straight.

PENS: Met pens en pootjies (plat): Heeltemal; met sy hele liggaam: With his whole body (vulgar).

PEPER: Dis peper en sout: Die twee dinge het dieselfde uitwerking: These two things are practically the same.

Iemand peper gee: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a thrashing.

PEPERDUUR: Baie duur: To be very dear.

PEPERKOP: 'n Persoon met kroes hare b.v. 'n Kaffer: A person with curly, bushy hair e.g. a Kaffir.

PEPERKORRELTJIES: Die klompies kroes hare van 'n Kaffer of gekleurde: The tufts of curly, bushy hair of a Kaffir or coloured person.

PEPERKORRELTJIESKOP: 'n Kaffer of kleurling: A Kaffir or coloured person.

PERD: Die kar voor die perde span: Verkeerd te werk gaan: To put the cart before the horse.

'n Verkeerde perd opsaal: 'n Verkeerde ding doen: To put one's money on the wrong horse.

'n Ou perd kry ook lus vir groenvoer: 'n Ouerige mens hou ook van iets lekkers: He hasn't cast his colt's tooth yet; he still has a sweet tooth.

'n Perd het vier bene en hy struikel ook (gewoonlik met die byvoeging) "wat nog te sê 'n mens met een tong"; of 'n Perd met vier pote struikel, laat staan (wat van) 'n mens met een tong: Elke persoon verspreek hom partymaal: To err is human.

Die gewillige perd moet die las dra: Die gewilliges moet alles doen: Those who are willing have to bear the brunt.

'n Gegewe perd moet 'n mens nie in die bek kyk (sien) nie: 'n Mens mag 'n geskenk nie beoordeel nie: One must not look a gift-horse in the mouth.

Die perd wat die hawer (voer) verdien, kry dit nie; Die perd wat die korrels verdien, kry baiemaal die strooi: Verdienste word nie altyd beloon nie: One beats the bush and another catches the bird.

Die maerste perd skop die seerste: Wat 'n mens die minste verwag, gebeur dikwels: The unexpected often happens.

As die perde horings kry: Nooit nie: Never.

Iemand is oor sy perdjie getel: Gesê van iemand wat te veel geprys word: He is haughty as the result of excessive praise.

Die perdjie het maar net gesprong: Gesê aan 'n klein kind om hom te paai as hy geval het: Never mind.

Iemand is baie gou op sy perdjie: Hy word gou kwaad: To be easily annoyed.

PERDEDUIWEL: 'n Persoon, wat goed perd ry of perde moor: An able horseman or a person who is very severe on horses.

PERDESTERTHARE: Steil, reguit hare: Straight hair.

PERDFRIS: Heeltemal fris en gesond: Quite healthy and sound.

PÊREL: Jou pêrels vir (voor) die swyne (varke) gooi (werp): Iets doen vir 'n persoon wat jou daad nie werd is of waardeer nie: To cast pearls before swine.

Dis 'n pêrel van 'n meisie: Dis 'n baie goeie meisie: She is a jewel of a girl.

PERSKES: Dis oor met jou perskes: Jy soebat verniet, jy sal dit nie kry nie: You ask in vain.

PEUSELWERKIES: Niksbeduidende werkies: Little odd jobs.

PEUTER: Jou met allerlei dinge bemoei: To poke your nose into something.

PIEKEL: Oorbring: To move, carry.

PILAAR: 'n Sterk ondersteuner van een of ander saak: A staunch supporter of some or other cause.

PIEP: Die piep hê: Hom verbeel dat hy siek is: To have the pip.

PIEPERIG: Pieperig wees: Kleinsorig of swak wees: To be weak or sensitive.

PIET: Piet, Poul en Klaas: Almal, sonder om uitsonderinge te maak (met die bygedagte—al die skurke en slegtes): Tom, Dick and Harry.

PIK: Laat pik: Vlug: To take to one's heels.

Wie met pik omgaan, word daarmee besmet: As 'n mens slegte maats het, dan word hy onwillekeurig deur hulle beïnvloed: Evil communications corrupt good manners.

PIL: Dis 'n bitter pil om te sluk: Iets onaangenaams, wat gedoen moet word: Something unpleasant that has to be endured.

'n Pil verguld: 'n Onaangename iets aantreklik probeer maak: To sugar a pill.

PIMPEL: Pimpel en pers geslaan wees: Vol kneusplekke geslaan wees: To be covered with bruises.

PINKIE: Sy les op sy pinkie ken: Hy ken sy les baie goed:
To have one's lesson at one's finger tips.

Iemand om jou pinkie (vinger) draai: Iemand heeltemal onder jou invloed hê: To twist a person round one's finger.

Gee 'n man die pinkie (vinger) dan vat hy die hele hand: 'n Persoon is gewoonlik nooit tevrede met wat hy mag doen nie, maar eien hom meer toe: If you give him an inch, he will take an ell.

PITTE: Baie pitte hê: Baie ryk wees: To be very rich.

PLAAS: Daar is al 'n plaas deur iemand se keel: Deur te veel te drink, het hy al sy plaas verloor: He has lost his farm through drink.

PLAN: 'n Plan is 'n boerdery: As 'n mens eers 'n goeie plan agtermekaar het, dan kan hy enige ding doen: The planning of an undertaking is the main thing.

PLANK: Planke saag: Baie hard snork: To snore very loudly.

So dun as 'n plank wees: Baie honger wees: To be very hungry; as hungry as a hunter.

PLAT: So plat soos 'n pannekoek: Baie plat: Very flat.

PLATGOOI: Weghardloop: To run away.

'N PLATJIE: 'n Persoon wat allerhande grappies op 'n ander uithaal: A regular imp.

PLATLOOP: Die hele plek platloop: Orals soek: To walk the whole place.

'n Werk platloop (kafloop): 'n Werk gou doen: To finish a task quickly.

PLATRIEM: Iemand platriem (of met die platriem) gee (inlê): Hom 'n pak slae gee: To give somebody a thrashing.

PLATSAK: Platsak wees: Nie geld hê nie: To be hard-up.

PLEK: Iemand op sy plek sit: Iemand berispe: To give a person a bit of your mind.

PLESIER: Plesier is nes 'n jong komkommer, as jy hom pluk verlep hy sommer (Pres. Reitz): Plesier verloor sy aantreklikheid as 'n mens dit eers geniet: "Pleasures are like poppies spread, you seize the flow'r, its bloom is shed".

PLOEG: Die hand aan die ploeg slaan: Werk of begin te werk: To put the shoulder to the wheel.

Hy het in die grond (stof, ens.,) geploë: Hy het lelik geval: He had a bad fall.

PLOOI: Iets in die regte plooi gooi: Iets so aanneemlik moontlik maak: To represent something in the best light.

PLUIMPIE: Iemand 'n pluimpie gee (steek): Iemand prys vir sy goeie werk: To compliment a person.

PLUIMSTRYK: Iemand pluimstryk: Iemand vlei: To flatter.

POETS: Iemand 'n poets bak: Iemand iets onaangenaams laat ondergaan: To play a trick on somebody.

POLITIEK: Met politiek werk: Oulik te werk gaan: To set about something diplomatically.

POLS: Iemand se pols voel; òf Voel hoe iemand se pols klop; òf Iemand pols: Iemand uitvra om te sien wat sy sienswyse omtrent 'n saak is: To sound a person.

PONTIUS: Iemand van Pontius na Pilatus stuur: Iemand rond en bont stuur: To send a person from pillar to post.

POOT: Dis jammer dat so'n poot moet vrot: Gesê van iemand wat baie mooi skryf: 'Tis a pity that the writer of such an excellent hand has to die.

Die kêrel skrywe vir jou 'n poot: Hy skrywe baie lelik: He has an awful scrawl.

Pootjie gee: Op 'n lustelose manier iemand met die hand groot: To shake hands in a listless way.

Pootuit wees: Moeg, gedaan wees: To be dead tired.

Hou jou pote tuis: Moenie dit doen nie: Hands off!

Op eie pote staan: Onafhanklik wees: To be independent.

Pote-uit (bene-uit) raak: Bankrot raak: To go insolvent.

POP: 'n Mooi pop: 'n Mooi meisie: A beautiful girl.

Die poppe is aan dans: Die moeilikheid het begin: The fat is in the fire.

Iemand wil pop speel: Gebruik van 'n persoon wat na 'n jong meisie vry: He wants to play with dolls (said of a person who courts a young girl).

POSITIEWE: Nie by sy positiewe nie: Mal wees: There is something wrong in his top-story.

Weer by sy positiewe gekom: Weer tot bewussyn gekom: To regain consciousness.

Sy positiewe bymekaar hou: Goed die saak oordink; sy gedagte bymekaar hou: To use all one's wits.

POT: Die pot was verspeel: Die kans was verby: The chance is lost.

Die pot aan die kook hou: Dinge aan gang hou: To keep matters going.

Die pot verwyd die ketel, dat hy swart is; òf Die pot verwyd dit ketel en hulle is ewe swart: 'n Ander 'n fout verwyd wat jyself baie maak: The pot calls the kettle black.

Die pot verteer: Die uitgawe vergoed: To pay the piper.

Al is 'n pot nog so skeef, hy kry tog 'n deksel: Die lelikste (gebreklikste) man of vrou kry tog iemand om mee te trou: Every Jack shall have his Jill.

Sy eie potjie krap of Sy eie potjie skraap: Vir homself sorg: To provide for yourself.

In die kleinste potjies bewaar mens die beste salf: Waardevolle dinge is altyd skaars en word dus in klein dingetjies bewaar: The best goods are packed in the smallest parcels.

Iemand het potte gelek: Gesê van iemand wat 'n vuil plek aan sy gesig het: There is a dirty mark on his face.

POUL: Poul en Piet en Klaas: K y k Piet.

PRAAT: Praat van die ding! Reken bietjie! Well, I never!

Sy praat was seker op: Gebruik van 'n persoon wat iets dwaas sê: I am sure he had nothing more to say.

Praat gou want ek woon ver: Moenie so langdradig wees nie, ek is haastig: Come to the point.

Praatjies vul nie gaatjies nie: Dit help nie om te praat nie, 'n mens moet handel: It is no use talking.

Praatjies vir die vaak (varke) verkoop: Oor allerhande niksbeduidende sake praat: To discuss matters of minor importance; tittle-tattle.

PROEF: Iemand op die proef stel: Iemand aan 'n ondersoek onderwerp: To put to the test.

PROFEET: 'n Profeet is nie in sy eie land geëerd nie: 'n Man van verdienste word in sy eie land nie so geëer as in die buiteland nie: A prophet has no honour in his own country.

Die ou profete is dood en die jonges eet brood: 'n Mens kan nie op enigeen se voorspelling staat maak nie: A false prophet.

PROP: Op die proppe kom: Sy verskyning maak; ter sprake kom: To put in his appearance; to come up for discussion.

PROSEDEER: As iemand jou prosedeer vir jou koei, gee die kalf daarby: As iemand hof-toe gaan dan ly hy skade, al wen hy ook nog sy saak: A person carrying on a lawsuit can be sure of loss even though he is the winner of the case.

PROSES: Kort proses met iemand gemaak: Iemand sonder veel gepraat sy straf toedien: To give one short shrift.

PRUIM: Iemand kan nie pruim sê nie; Iemand sê nie pruim nie: In 'n geselskap sit, maar nie deel daaraan neem nie; baie sedig wees: Can't say boo to a goose.

- PUBLIEK:** Dis 'n publieke leuen; Hy het publiek gelieg: Dis heeltemal seker, dat hy nie die waarheid vertel het nie: There is not the slightest doubt that it is a lie.
- PUNT:** Op die punt staan: Kant en klaar wees: To be on the point of.
 Iets op die punte van die vingers ken: Iets baie goed ken: To know something thoroughly.
- PUNTENÉRIG:** Baie puntenérig wees: Baie op sy eer gesteld wees; dis moeilik om hom tevrede te stel: To be easily offended; not easily pleased.
- PURE:** Hy is 'n pure man: Hy is deur-en-deur 'n goeie man: He is every inch a gentleman.
- PUT:** Wie 'n put graaf vir 'n ander, val daar self in: As 'n mens 'n persoon in ongeleentheid wil bring, dan kom hyself daarin: Harm watch, harm catch.
- PYL:** Soos 'n pyl uit die boog wegspring: Baie vinnig wegspring: To start off very quickly; like an arrow from a bow.
 Vir 'n plek pyl: Reguit na 'n plek hou: To make straight for a place.
- PYP:** 'n Lelike pyp rook: 'n Lelike stelletjie aftrap; iets vernederends ondergaan: To be played a nasty trick.
 Na iemand se pype dans: Alles doen wat 'n andereen wil hê: To dance to another's tune, or piping.

R.

- RAAD:** Nie raad met iemand weet nie: Nie weet wat te doen om 'n ander te verbeter nie: To be at a loss what to do with a person.
 Iemand met raad en daad bystaan: Iemand raad gee en ook prakties help: To assist someone with word and deed.
 Raadop wees: Nie weet wat om te doen nie: To be at one's wit's end.
- RAAP:** Ons moes raap en skraap: Ons moes ons regtig inspan om uit die moeilikheid te kom: We had to exert ourselves.
- RAASWATER:** Jy is 'n regte ou raaswater: Lawaaimaker: You are a noisy fellow.
- 'N RABBEDOE:** Iemand wat nie omgee wat die mense van hom dink nie: A don't-care.
- RAK:** Sy sit op die rak: Sy is 'n oujongnooi: She is an old maid.
 Praat uit die boonste rakke: Geleerd en goed praat: To have the gift of the gab.

- RAT:** Iemand 'n rat voor die oë draai: Iemand bedrieg: To throw dust in a person's eyes.
- RATDRAAIER:** 'n Bedrieër; 'n leier van mense wat kwaad doen: A fraud; a ringleader.
- RANTJIE:** Rantjies se kant-toe staan: Deur vlug veiligheid soek: To take refuge.
- RAPAT:** Rapat wees: Rats wees: To be quick.
- REBELS:** Rebels wees: Nukkerig, ontevrede wees: To be moody, dissatisfied.
- REDE:** Iemand in die rede val: Praat terwyl iemand anders praat: To interrupt somebody.
Rede verstaan: Vir oortuiging vatbaar wees: To be open to reason.
- REËLS:** Tussen die reëls lees: Gevolgtrekkings maak uit wat daar geskrywe staan: To read between the lines.
- REËN:** Na reën kom sonskyn: Na moeilikheid kom geluk: Sunshine after rain.
Dit gaan seker reën: Skertsend gesê as iemand na 'n lang afwesigheid by 'n vriend onverwags besoek aflê: What is going to happen now?
As dit op die een reën, drup dit op die ander: Al die mense word nie eweveel geseën nie: We are not all blessed alike.
- REG:** Alles sal reg kom (sê Jan Brand): Dit help nie om te kla nie; hou aan en alles sal goed uitloop: Persevere and and all will be well.
- REGERINGSKOSTE:** Op regeringskoste loseer: In die tronk wees: To be in prison.
- REGRUK:** Jou regruk: Jou netjies aantrek: To dress neatly.
- REGTERHAND:** Die meisie is haar ma se regterhand: Haar ma kan nie sonder haar klaarkom nie: The girl is her mother's right hand.
- REGUIT:** Reguit praat: Sonder omweë sê wat sy sienswyse is: To tell one straight out.
- REIN:** Vir die reine is alles rein: Niks is, apart geneem, onrein nie; alles hang af van die gesindheid van 'n persoon: To the pure all things are pure.
- RENONS:** 'n Renons in 'n ding (persoon) hê: Die ding (persoon) nie kan verdra nie: To have an aversion for something.
- REP:** Niks van iets rep nie: Niks daarvan praat nie: Do not say a word.
Alles was in rep en roer: Daar het 'n groot opgewondenheid geheers: There was a great commotion.
- RIBBEKAS:** Iemand op sy ribbekas gee: Iemand slaan: To beat somebody.

RIBBETJIE: Jy kan sy ribbetjies tel: Hy is baie maer: He is in a very emaciated condition.

Iemand se ribbetjie is seer: Verlief wees: To be in love.

RIEM: Van 'n anderman se vel (leer) breë rieme sny: Nie spaarsaam (versigtig) te werk gaan met iets wat aan 'n ander behoort nie: To cut a large thong of another man's leather.

Die rieme bêre (neerlê): Weghardloop: To take to one's heels.

Iemand se rieme is los: Verlief wees: To be in love.

Sy rieme (riempie, stringe) styfloop: Hy het aangehou met kwaaddoen, totdat hy eindelijk in die moeilikheid is: To be called to account.

Iemand 'n riem onder die hart steek: Iemand moet inpraat: To encourage a person.

Iemand laat riem (tou) spring: Hom 'n pak slae gee: To give somebody a hiding.

Iemand in die riem laat trap; of Iemand se riem afsny: Iemand bedrieg: To deceive, cheat.

'n Riempie van die ou vel: Na sy voorouers aard (in gunstige betekenis): A chip of the old block.

'N RIEMTELEGRAM: 'n Blote gerug: A mere rumour.

RIESIKO: Op my riesiko: Op my verantwoordelikheid: At my own risk and peril.

RING: Jy kan hom deur 'n ring trek; Hy kan deur 'n ring spring: Hy is baie netjies aangetrek: He is very neatly dressed.

RINGKOP: 'n Veteraan, 'n staatmaker: A veteran.

RINKINK: 'n Groot geraas maak: To make a great noise.

RINNEWEER: Iemand (iets) rinneweer: Iemand ruineer of iets verwaarloos: To ruin (persons); to waste (things).

RISSIE: 'n Kwaai vrou: A shrew.

RITTELTIT(S): Die ritteltit(s) kry: Op jou senuwees kry: To be hysterical.

ROEM: Eie roem stink: Dis lelik om jouself te prys: Self-praise is no recommendation.

ROER: Roer vir jou; Roer jou angel; Roer jou riete: Maak gou: Make hate!

Aan die roer van sake: Regeer: At the head of affairs.

So reg soos 'n roer: Heeltemal in orde: As straight as an arrow; "O.K."

ROES: Sy roes uitslaap: Slaap tot hy weer nugter is: He slept until he was sober again.

'n Roes in iemand se sak: Gesê van iemand wat alles verniel of breek: A waster.

ROESEMOES: 'n Verwarring: Confusion, disorder.

ROET: As jy met roet speel word jy swart: Deur met slegte vriende om te gaan, word 'n mens self sleg: Evil communications corrupt good manners.

Met roet gooi: Mense in die algemeen belaster: To slander.

Dit was roet in sy kos: Dit het ontevredenheid, onaangenaamheid veroorsaak: It caused him dissatisfaction and unpleasantness.

ROK: Hy moet die rok dra: Sy vrou is baas: He is henpecked.

ROME: As 'n mens in Rome is, moet hy maak soos die Romeine: As 'n mens in 'n vreemde plek is, moet hy hom na die nuwe toestand skik: Do in Rome as the Romans do.

ROMP: Romp en stomp verkoop: Alles verkoop; uit en uit: To sell lock, stock and barrel.

Die kop van die romp raas: So raas dat iemand wil mal word: To make a fearful din.

RONDE: Die gerug doen die ronde: Die gerug gaan rond: There is a rumour.

Rondes uitdeel: Met die vuig slaan: To give it to a person with the fist.

ROUND-OM-TALIE: Heeltemal rond(om): Round-about.

RONDSRING: Hy het lelik rondgespring: Hy het allerhande verontskuldigings gemaak: He had all kinds of excuses.

RONDE: Die rondte van Vader Cloete doen: By almal kom en nie een oorslaan nie: To visit everybody without making exceptions.

ROOI: So rooi soos 'n kalkoen: Baie rooi in die gesig: To be as red as a turkey-cock.

Hoe rooier, hoe mooier, of 'n Oulap se rooi, maak mooi: Gesê van iemand, wat iets aan het wat rooi is: The more conspicuous the red, the prettier.

ROOIBAADJIE: Engelse soldaat: A British soldier.

ROONEK: 'n Engelsman: An Englishman.

ROOITAAL: Engels: The English language.

ROOK: Rook soos 'n skoorsteen: Baie rook: To smoke like a chimney.

Hulle het al rook gemaak: Hulle het die ouers al gevra om te trou: They have already asked their parents' consent to their marriage.

Die planne (ens.), het in rook verdwyn (opgegaan): Daar het niks van gekom nie: The plans dissolved into thin air.

Daar is nooit 'n rokie sonder 'n vuurtjie nie; of Waar 'n rokie is (draai), moet 'n vuurtjie wees: Daar is nie 'n praatjie of daar moet een of ander rede voor wees nie: No smoke without a fire.

ROOS: 'n Roos tussen dorings: 'n Nooi tussen kêrels: A rose among thorns.

Onder die roos vertel: In die geheim vertel: Sub rosa.

Sy pad gaan op rose: Hy is baie voorspoedig: His path is strewn with roses.

Daar is geen rose sonder dorings nie: By die aange- name is daar altyd iets onaangenaams: No rose without a thorn.

Rosies op die wange hê: Rooi wange hê: To have rosy cheeks.

ROSKAM: Iemand roskam: Iemand bestraf: To take some- body to task.

ROT: Hy is 'n ou rot: Hy laat hom nie somer bedrieg nie: He is an old hand at it.

Iemand rot en kaal steel: Alles steel, wat 'n ander het: To steal everything a person possesses.

ROTTINGOLIE: Iemand moet rottingolie kry: Hy moet 'n pak slae kry: He should get a hiding.

ROU: Heeltemal rou wees: Heeltemal onervare wees: To be quite inexperienced.

'n Rou Engelsman: Heeltemal Engels van afkoms; 'n Engelsman wat net in Suidafrika gekom het: A person of entirely English descent; an Englishman who has just arrived in South Africa; a raw Englishman.

ROUKOOP: 'n Som geld, wat betaal moet word, om 'n koop te vernietig: Forfeit money.

ROU-RIEM: 'n Regte ou rou-riem: 'n Niksbeduidende vent: An uncultured person.

RUG: Hy het 'n breë rug: Hy is sterk en is nie bang vir die verwyte wat no hom geslinger word nie: To have broad shoulders.

Bietjie op die rug gaan staan: Gaan lê: To lie down.

Jy moet jou rug (lyf) vetsmeer: Jy moet jou klaarmaak vir 'n pak slae: You must prepare yourself for a hiding.

Iemand die rug toekeer: Iemand met minagting behan- del: To treat a person with contempt.

Baie jare agter die rug hê: Baie oud wees: To be old.

Agter iemand se rug praat (ens.): Van 'n persoon skin- der: To talk behind one's back.

Geld groei nie op 'n mens se rug nie: 'n Mens moet hard werk en swaar kry om geld te verdien: Money is not picked up easily.

RUIK: Van iets ruik kry: **Suspiesie hê:** To smell a rat.

In 'n slegte (goeie) ruik staan: Deur die mense gewantrou (vertrou) word: To stand in bad (good) repute, or odour.

RUIKIE: Daar is 'n ruikie (geurtjie) aan: Die saak is nie heeltemal goed nie: The matter is not quite on the square.

RUNSAGTEROOR: **Runsagteroor slaan:** Reg agteroor val: To fall on one's back.

RUKKE: Iets met rukke (vaarte) en stote doen: Daar onge-reeld aan werk: To work at a thing irregularly.

RUS: **Rus roes:** Wie sy bekwaamheid nie gebruik nie, verloor dit geleidelik: To rest is to rust.

RY: **Iemand ry:** Iemand moeilikheid veroorsaak: To make life unpleasant for somebody.

Ons het hulle lelik gery; Ons het hulle bloots gery; Ons het hulle laat swaarkry; ons het hulle ver gewen: We made life unpleasant for them.

Kry jou ry: Maak dat jy wegkom: Clear off!

RYK: **Ryk gesaai, bankrot geoes:** As iemand baie erf, dan verloor hy dit weer maklik: Easy come, easy go.

RYMPIE: **Op 'n rympie lieg:** Besonder goed kan lieg: To be a smart liar.

RYP: **Na ryp beraad:** Nadat die saak goed oorweeg is: After due consideration.

RYPERD! 'n Uitdrukking van bewondering of spot: Bravo! Well done!

S.

SAAD: **Kwaad saad saai (strooi):** Probeer om moeilikheid te veroorsaak: To cause disagreement.

SAAI: **Iemand laat saai:** Iemand vinnig laat wegvlug: To make someone run.

Wie nie saai nie, sal nie maai nie: 'n Mens moet handel (werk) as hy sukses wil hê: He who does not sow, shall not reap.

Wat jy saai, sal jy maai: Jy sal die gevolge van jou daade moet dra: As you sow, so you shall reap.

SAAK: **Dit maak nie saak nie:** Dit kom nie daar op aan nie: It does not matter.

Dis sy saak: Dit gaat hom alleen aan: That's his own look-out.

Gedane sake het geen keer nie: Aan wat reeds gebeur het, kan niks verander word nie: It is no use crying over spilt milk.

Bemoei jou met jou eie sake: Moenie ongevraag jou met die besigheid van 'n ander bemoei nie: Mind your own business.

SAAL: **Vas in die saal sit:** Die publiek se volle vertroue geniet: To enjoy the full confidence.

Iemand uit die saal lig: Op een of ander manier iemand uit sy posiesie kry en dit dan self inneem: To oust a person.

Iemand in die saal help: Iemand help om sy verlore posiesie weer terug te kry: To put a person on his legs.

SAALBOOM: **Saalboom ry:** Aan die saal vas hou as jy bang is dat jy van die perd sal afval: To hold on to the saddle.

SAAMBLAF: Altyd saamstem met wat ander sê: To agree to everything.

SABBATSREIS: **Dis 'n hele sabbatsreis daarheen:** Dis ver daarheen: The place is very far distant.

SAF: **Iemand is saf:** Dronk: To be intoxicated.

SAK: **Sy hand in sy eie sak steek:** Self die onkoste dra: To bear the expense.

In sak en as sit: In die grootste droefheid gedompel wees: To be in sackcloth and ashes.

Met sak en pak vertrek (aankom): Met alles wat hy besit: To depart (arrive) with bag and baggage.

Iemand in die sak hê (kry): Met iemand doen net wat 'n mens wil: To do just what you like with a person.

Iemand uit jou sak skud: Iemand wat jou in die sak het, weer op sy plek sit: To keep a presumptuous person in his place.

In sy sak steek: Ter harte neem: To pocket an insult.

Dit vat aan 'n man se sak(tas): Dit vra baie geld: That is rather expensive.

Hy het sy hand diep in die sak gestee: Hy het baie gegee vir die saak: He gave much for that cause.

Dit bring hom iets in die sak: Hy trek daar voordeel uit: He profits by that.

Sak Sarel: Moenie so baie jok nie: Come down a peg or two.

SALF: **Aan hom is nie meer salf te smeer nie:** Dis hopeloos om te probeer om hom reg te kry: He is a hopeless case.

SALIGER: **Dis saliger om te gee as om te ontvang:** Dit gee as om self deur ander, gehelp te word: It is more blessed to give than to receive.

meer bevrediging om 'n goeie diens vir 'n ander te doen,

- SALIGHEID:** Sy saligheid hang daarvan af: Dis baie belangrik vir hom: His eternal happiness is at stake.
- SAMBREEL:** Terug onder die ou sambreel: Terug na sy oorspronklike party of kerk, ens.: Back to the old fold.
 'n Sambreel ophê: 'n Baie groot hoed ophê:
 To wear a very large hat.
 Hulle boer onder een sambreel: Soos die een maak, maak die ander: They agree in everything.
- SAMESPREKING:** Kwade samesprekings bederf goeie sedes: Slegte geselskap kan 'n goeie mens slegmaak: Evil communications corrupt good manners.
- SAND:** Sand (gras) vreet: Afval: To be thrown off a horse.
 Iemand sand in die oë strooi (gooi): Iemand bedrieg: To throw dust in somebody's eyes.
 Skuld soos sand hê: Baie skuld hê: To have much debt.
 Op sand kou: 'n Onplesierige ding doen: To have to do something unpleasant.
- SANDTRAPPER:** Bynaam vir 'n Nataller: Nickname for an inhabitant of Natal.
- SAT:** Sat vir 'n affêre: Moeg daarvoor: To have enough of an affair.
- SATERDAGAAND:** Hy het Saterdagdaand klaargekom: Hy is 'n sukkelaar: He is too slow to catch a snail.
- SÊ:** Dit sê nie: Dit maak nie saak nie: It does not matter.
 Hy laat hom niks sê nie: Hy luister nie na 'n ander se raad nie: Not to listen to reason.
 So gesê, so gedaan: Die daad volg onmiddellik op die besluit: No sooner said than done.
 Dis nie te sê nie: Daarmee word nie juis beweer nie; dit maak nie saak nie: It does not follow that; it does not matter.
- SEËL:** Die seël op (aan) iets druk (sit, heg): Iets goedkeur; die laaste opmerking maak: To approve; to make the final remark.
- SEËN:** Sy seën aan iets gee: Iets alle sukses toewens: To bless something.
- SEEP:** So glad soos seep: Baie glad: Very smooth, slippery.
- SEERRUG:** 'n Onderwerp seerrug ry: Gedurigdeur oor dieselfde onderwerp praat, ens.: To harp continually on the same string.
- SEIL:** Die seil na die wind hang: Party kies na die omstandighede: To trim one's sails to the wind.

SEKER: Seker van sy saak wees: Weet dat dit seker sal gebeur: He knows what he is about; his case is certain.

So seker as 'n handvol vlieë: Baie onseker: Very uncertain.

Alte seker! Dit is so! Precisely! Quite so!

SEKRETARIS: Sekretaris-bene hê: Lang, maar dun bene hê: To have long but thin legs; legs like broomsticks.

SEMELS: Meng (besmeer) jou met semels, dan vreet die varke jou: As jy met slegte geselskap omgang het, word jy self ook sleg: Evil communications corrupt good manners.

SENUWEE: Dit op jou senuwees hê: Opgewonde wees: To be excited.

'N SENUWEE-ORREL: 'n Senuweeagtige persoon: A nervous person.

'N SEURKOUS: Iemand wat baie lol: A bothersome person.

SIEK: Jou siek lag: Hartlik lag: To laugh heartily.

Siek wees vir iets: Iets nie kan verdra nie: To be sick of something.

Jy is skoon siek! Jy is heeltemal verkeerd! You are quite mistaken!

SIEKE: Die sieke dra die gesonde: Die persoon wat hulp nodig het, help die een, wat dit minder nodig het: The less privileged helps the privileged.

SIEL: Siel en liggaam aanmekaar hou: Lewe: To keep body and soul together.

'n Goeie ou siel: 'n Goeie persoon: A good old soul.

Hoe meer siele, hoe meer vreugde: Hoe meer mense daar in 'n geselskap is, hoe lekkerder: The more the merrier.

Iemand se siel uittrek: Iemand baie terg: To tease somebody continually.

Met jou siel onder jou arm rondloop: Niks te doen hê nie: To have nothing to do.

SIEN: Dis die laaste sien van die blikkantien: Gebruik van iemand wat stilweg, spoorloos verdwyn: To take French leave.

Sien is glo: Eers glo as 'n mens die ding gesien het: Seeing is believing.

SIEP-SOUS: Siep-sous (Siep-sop) en braaibout kry: 'n Pak slae kry: To get a hiding.

SIGARET: Sigaret-beentjies hê: Baie dun beentjies hê: To have very thin legs.

SIKS: By my siks (siksewaar): Dit is regtig so: Upon my word! Well, I never!

SIKSPENS: Soos 'n splinternuwe sikspens lyk: Netjies aangetrek ens. wees: As clean as a new pin.

Iemand is nie eers 'n sikspens werd nie: Baie min werd: To be worth very little.

SIN: Hy doen dit teen sy sin: Hy doen dit omdat hy moet en nie omdat hy lus daartoe het nie: He does it against his will.

Van sy sinne beroof wees: Nie by sy volle verstand wees nie: To be mad.

Sin in iets hê: Van iets hou: To admire something; to desire something.

SING: 'n Toon laer sing: Minder aanmatigend wees: To come down a peg or two.

Jy sing toe nie! Skertsend gesê aan iemand wat onnodig kwaad word: You surely did not get annoyed.

SIT: Iemand sit daar goed in: Hy is taamlik welaf: He is well-to-do.

SKAAKMAT: Iemand skaakmat sit: Iemand so vas hê dat hy nie 'n uitweg het nie: To checkmate.

SKAAP: Een brandsiek-skaap steek die hele trop aan: Een slegte persoon bederf die toon van 'n geselskap: One bad apple destroys the whole basket.

Sy skapies op die droë hê: Taamlik welaf wees: To be well-to-do.

Skape van die bokke skei: Die slegte van die goeie skei; seuns van meisies skei: To part the bad from the good; to separate boys from girls.

Hy ja skape aan: Hy is dronk: He is intoxicated.

Daar gaan baie mak skape in een kraal: Vreedsame mense woon maklik saam: A patient crowd can be packed into a very small space.

Hulle het hulle skapies in een klomp (kraal): Hulle is getroud: They are married.

SKAAPSTERT: Hulle moes onder die skaapstert deurloop: Hulle moes gestraf word: They had to run the gauntlet.

SKAARS: Hom baie skaars hou: Baie min kom: He seldom comes here.

SKADE: Dis 'n skade in die boedel: Dis 'n groot verlies: That is a great loss.

Ver van jou goed, naby jou skade: As 'n persoon sy eie sake nie waarneem nie, dan moet hy skade verwag: The master's eye makes the horse fat.

Deur skade en skande wōrd 'n mens wys: Deur on-aangename ondervinding leer 'n mens: Experience makes fools wise.

Skade inhaal: Opmaak vir wat jy verloor het: To make up for lost time.

SKADUWEE: Iemand se skaduwee: Gesê van iemand wat 'n andereen gedurig naloop; iemand se nooi: Said of a person who dogs another's footsteps; his sweetheart.

Iemand in die skaduwee stel: Iemand oortref: To eclipse a person.

Bang vir sy eie skaduwee: Baie baing: A coward; afraid of his own shadow.

Nie in iemand se skaduwee kan staan nie: Gladnie sy gelyke nie: Far from being his equal.

Soos 'n skaduwee verbygegaan: Dit het baie kort geduur: To pass like a shadow.

SKANDE: Iemand in die skande steek: Iemand deur ons optrede besonder skaam maak; iemand oortref: To put one to shame.

SKAT: 'n Mens waardeer die skat eers as hy verlore is: 'n Mens stel nooit 'n persoon (saak) regtig op prys nie voordat hy (dit) vir altyd van ons weg is: One does not value somebody (something) until he (it) is lost for ever.

Iemand hoogskat: 'n Hoë opienie hê van iemand: To esteem somebody highly.

SKEDEDDEL: Ons moet nou skededdel (skediedel): Weggaan, loop: We must go.

SKEEF: As sake skeef loop: Verkeerd gaan: When matters go wrong.

SKEEL: So skeel soos 'n skaap wees: Baie oormekaar kyk: To squint very much.

SKEEPSREG: Driemaal (derde maal) is skeepsreg: As 'n mens vir die derde keer iets doen dan moet dit geluk: Thrice done is well done.

SKEP: Te veel skep: Te veel drink: To be addicted to drink.

SKERING: Skering en inslag vorm. Die gewoonte wees: To be the order of the day.

SKERM: Agter die skerms sien: Sien wat in die geheim gedoen word: To see behind the screen.

SKEUR: Die wêreld skeur: Baie vinnig hardloop: To run very quickly.

SKEWE: Skewe bek trek: Deur allerlei figure met die mond te maak, 'n mens se veragting vir iemand anders uitdruk: To pull faces.

SKIET: Iemand skiet gee: Iemand meer toelaat: To give him enough rope to hang himself.

SKIK: Baie in sy skik met iets wees: Baie tevrede wees met iets: To be very much taken up with something.

SKILD: Iets in sy skild voer: Geheime planne hê: To have something up one's sleeve.

SKILPAD: Soos 'n skilpad loop: Baie stadig loop: To go at a snail's pace.

Van 'n skilpad vere probeer pluk: Die onmoontlike wil kry: To try to do the impossible.

Die skilpad het gou in sy dop gekruip: 'n Minder hoë toon aanslaan: To come down a peg or two.

SKIP: Wag tot my skip (met geld) aankom: Wag tot ek baie geld kry (skertsend gebruik): Wait till my ship comes home.

Daar kom altyd beter skepe in as wat daar uitgaan: Daar kan nog baie beter kanse en geleenthede kom as wat verby is: Still better opportunities may come.

Sy skepe agter hom verbrand: So'n stap neem, dat dit onmoontlik is om terug te kom: To burn one's boats.

SKOBBEJAK: 'n Skurk; 'n niksbeduidende persoon: A rascal.

SKOEN: As die skoен jou pas, moet jy hom maar aantrek: As jy skuldig is, moet jy die woorde ter harte neem: If the cap fits, put it on.

Nie in iemand se skoene wil staan nie: Nie graag in sy plek wil wees nie: Not like to stand in another person's shoes.

Die stoute skoene aantrek: Iets waag: To screw up one's courage.

Moenie ou skoene weggooi voor jy nuwes het nie: Moenie iets ouds en slegs wegmaak of loslaat voor jy 'n nuwe het nie: Do not drop the substance for the shadow.

Elkeen weet die beste waar die skoен hom druk: Elkeen ken sy eie moeilikhede die beste: No one knows where the shoe pinches like the wearer.

Te groot vir sy skoene: Gesê van 'n kind wat hom allerhande vryhede veroorloof: Too big for his boots.

SKOENMAKER: Skoенmaker hou jou by jou lees: Bemoei jou met jou eie sake; moenie 'n saak onderneem wat jy gladnie verstaan nie: Cobbler, stick to your last!

SKOENRIEM: Nie werd om iemand se skoенriem vas te maak nie: Soveel slegter as 'n ander wees, dat 'n mens nie eers goed genoeg is om hom 'n klein diensie te bewys nie: Not worthy to tie his shoestrings.

SKOF: Die laaste skof gery het: Dood wees: To be dead.

SKOFFEL: Hulle het die hele nag deur geskoffel: Hulle het die hele nag gedans: They danced the whole night.

SKOOL: Uit die skool klap: Allerlei geheime openbaar: To tell tales out of school.

SKOOLGELD: Nog baie skoolgeld moet betaal: Deur skade nog baie onderyinding moet opdoen: To have to learn by hard experience.

Jy moet jou skoolgeld gaan terugvra: Jy is so dom, dat jy uit die onderwys wat jy ontvang het min waarde getrek het: You ought to ask your school-fees back!

SKOOLKIND: Iemand soos 'n skoolkind behandel: Iemand behandel asof hy nog nie opgegroeï is en selfstandig kan dink nie: To treat someone like a schoolchild.

SKOON: Iets skoon vergeet: Heeltemal vergeet: To escape one's mind entirely.

Al die seewater kan hom nie skoon was nie: Dis so'n groot fout, dat dit hom nooit vergewe kan word nie: The sea can't cleanse him.

SKOONHEID: Skoonheid (mooi) vergaan, maar deug bly staan: Mens moenie te veel van uiterlike dinge hou nie, dit verander so gou: Beauty is skin deep.

Skoonheid is die tweede goddelikheid: Skoonheid en reinheid is van die hoogste deugde: Cleanliness comes next to godliness.

SKOONMOEDER: Al is 'n skoonmoeder hoe gesuiker, sy bly maar suur: 'n Skoonmoeder neem nooit die plek van die eie moeder in nie: A mother-in-law is never the true mother.

SKOONSKIP: Skoonskip maak: Alles verkoop, wegneem: To sell lock, stock and barrel.

SKOONVELD: Skoonveld wees: Skielik verdwyn: To take French leave.

SKOOR: Skoor soek: Rusie soek: To look for trouble.

SKOORSTEEN: Daar sal die skoorsteen nie van rook nie: Dit bring nie kos in die pot nie: That does not help to make the pot boil.

SKOOT: Mooi skoot! Skote! Skote Pretoors!: 'n Uitroep as iemand iets goed doen: Well done!

Die skoot hoogdeur hê: Dronk wees: To be intoxicated.

Goed onder skoot wees: Dit was 'n geleentheid om hom goed aan te val of te berispe: To be within striking distance.

SKORRIE-MORRIE: Die gespuis; slegte mense: The rabble.

SKOTTELGOED: Iemand moet skottelgoed was: Gesê as iemand nog eet, terwyl die ander al klaar het: He is the last to finish his meal.

SKOUCR: Hy het breë skouers: Hy kan baie werk doen of hy kan baie laster dra: To have broad shoulders.

Skouer aan die wiel sit: Hard werk: To put one's shoulder to the wheel.

SKRAALHANS: Dit is by hom maar skraalhans: Hy is behoefdig: He is needy.

'N SKREEBALIE: 'n Kind wat gou en baie huil: A cry-baby.

SKRIFGELEERD: Skrifgeleerd wees: Geslepe, slim wees: To be a sly (clever) fox.

SKRIK: Iemand die skrik op die lyf ja: Iemand bang maak: To scare a person.

Die skrik was nog in sy lyf: Hy het nog aan die gevolge van die skrik gely: He has not yet recovered from the fright.

SKRIKBEWIND: 'n Regering wat regeer deur skrik aan te ja: A reign of terror.

SKRIKKELJAAR: So elke skrikkeljaar: Nou en dan; baie selde: Once in a blue moon.

Dis nie aljaar skrikkeljaar nie: 'n Mens kan nie net plesier wil hê nie: Christmas comes but once a year.

SKROBBEER: Berispe: To rebuke.

SKROEF: Daar is 'n skroef los (by hom): Hy is nie heeltemal by sy verstand nie of daar is 'n fout: There is something wrong in his top-story, or there is something radically wrong.

'N SKUIFMEULE: Iemand wat 'n mens die skuld kan gee: A scapegoat.

SKUIM: Die skuim van 'n volk: Die laagste klas: The rabble.

SKUINSOOR: 'n Nooi skuinsoor (stompoor) sny: Die oog hê op 'n nooi en meen dat sy al joue is: To appropriate a girl.

SKULP: In sy skulp kruip: 'n Minder hoë toon aanslaan: To come down a peg or two.

SKYN: Skyn bedrieg: Die uiterlike bedrieg: All is not gold that glitters.

SLAAF: Hy is nie 'n slaaf van sy woord nie: As hy iets be- loof het en vind later uit dat dit nie goed was nie dan breek hy dit: He is not the slave of his promises.

SLAAI: In 'n mens se slaai krap: Iemand benadeel (veral in liefdesake): To encroach upon a person's rights (in love affairs).

SLAAN: Slaan is twee man se werk: As iemand wil baklei, moet hy weet dat die ander persoon ook slaan; altwee kan seerkry: Touch me and you will see what will happen.

Slaan is niks nie, maar die oor-en-weer slanery: Skertsend gesê as iemand bedoel, dat die ander man ook kan slaan: Two can play at that game.

SLAAP: Jy kan maar gaan slaap: Al probeer jy ook hoe erg, jy sal dit tog nie uitvind nie: Put it out of your head.

Oor iets slaap: Goed nadink oor iets: To take counsel of one's pillow; to sleep on, or upon a question.

SLABAK: Hulle slabak: Hulle doen nie hulle bes nie: They loaf.

SLAG: Die slag hê om iets te doen: Hy verstaan die kuns om dit te doen: To have the knack of doing it.

'n Slag slaan: 'n Goeie kopie maak: To make a bargain.

Op slag kom: Dinge begin verstaan: To come in form.

'n Slag om die arm (elmoog) hou: Hom nie finaal bind nie; hy het geheime planne: He does not bind himself finally; he has secret intentions.

Hy het in die slag gebly: Hy is gevang; hy is gesneuwel: He was caught; he was killed in action.

Sonder slag of stoot: Sonder die minste moeite of teenstand: Without a hitch.

Lelik onder die vyand slag: Baie van hulle doodskiet: To kill a great number of the enemy.

SLAGTING: Daar was 'n slagting onder die kandidate: Baie kandidate het gedruip: Many candidates failed in, or to pass the examination.

SLANG: Daar is 'n slang in die gras: Daar skuil gevaar: There's a snake in the grass.

As dit 'n slang was, dan het hy jou al lankal gebyt: Gesê as 'n mens iets soek wat by jou is: Mind, it will bite you!

SLAP: Nie laat slap hang nie: Moed hou en jou bes doen: Keep courage and persevere.

SLEEPTOU: Iemand op sleeptou neem: Hom mislei deur gedurig uit te stel: To put off somebody continually in order to deceive him.

'n Hele sleeptou: 'n Hele klomp: Quite a number.

- SLEG:** Iemand sleg maak: Maak asof iemand baie sleg is:
To chide a person.
Die slegste afkom: Oorwin word: To be beaten.
Iemand slegsê: Iemand berispe, aanval: To rebuke somebody.
- SLIMPRAATJIES:** Slimpraatjies verkoop: Oor allerhande niksbeduidende sake praat: Small talk.
- 'N SLOERIE:** 'n Slegte, slordige vrou: A slovenly woman.
- SLOT:** Agter die slot sit: In die tronk wees: To be in prison.
Per slot van rekening: Alles in aanmerking geneem: After all.
- SLUIER:** Die sluier oplik: Iets verklaar, openbaar: To explain, reveal something.
- SLUK:** Dit is al 'n hele sluk op 'n bottel: Dit help baie: That will be a great help.
- SMAAK:** Dit smaak na teer (gewoonlik met die toevoeging "en ek vra na meer"); Dit smaak na meer: Dit smaak baie lekker: That tastes good!
- SMAL:** Die wêreld het toe te smal geword: Daar was so baie moeilikheid dat hy benoud geword het: He was in sore straits.
- SMART:** Gedeelde smart is halwe smart: As twee mekaar help om hulle smart te dra, is dit soveel ligter: Company in distress makes sorrow less.
- 'N SMEERLAP:** 'n Slegte vent: A cad.
- SMOOR:** Dit het smoor gegaan: Baie swaar: It was an exacting task.
- SMOUS:** Die kêrel smous daar: Hy gaan daar om te vry: That fellow goes there to make love.
- SNAAKS:** Hy wil (probeer) snaaks wees: Probeer om grappig te wees: He tries to be funny.
- SNAAR:** Altyd op dieselfde snaar speel: Altyd oor dieselfde onderwerp praat: To harp on the same string.
Die regte snaar raak: Die ding sê wat die regte weerklank vind: To touch the correct note.
'n Gevoelige snaar aanroer: Oor iets praat, wat 'n ander hartseer maak: To touch upon a sensitive spot.
'n Ou snaar! So 'n ou kêrel! What a fellow!
Snaar en st(r)amboel: Te voet: Shank's pony.
- 'N SNIP:** 'n Meisie wat skerp antwoorde gee: A girl who has a sharp tongue.
- SNUIF:** Snuif in iemand se oë blaas: Iets onaangenaams aan 'n persoon doen: To do someone a shot in the eye.
- 'N SNUITER:** 'n Jong kind: A young child.
- SNY:** Sny of wind sny: Vinnig weghardloop: To run away quickly.

- SOEK:** Ek seek nie wat ek nie verloor het nie: Ek steur my nie aan dinge, wat my nie aangaan nie (gew. 'n bang persoon): I do not bother myself with the affairs of others.
- SOEN:** Elke man soen sy vrou op sy eie manier: Elkeen doen 'n ding op sy eie manier: Every person has his own way of doing things.
- SOETKOEK:** Alles vir soetkoek opeet: Alles glo: To take for gospel.
- SOMMER:** Sommer het nie rede nie: Aan iemand gesê wat die rede vir sy handelwyse aangee as "sommer": Because, is a woman's reason; because Y is a crooked letter and you can't make it straight.
- SON:** In iemand se son staan: Iemand onaangenaamheid veroorsaak; iemand hinder: To be a nuisance.
Die son staan stil: Dit is baie warm: It is very hot.
Die opkomende son aanbid: Iemand huldig wie se mag aan styg is: To worship the rising sun.
Sy son het ondergegaan; Die son het vir hom ondergegaan: Hy is dood: He is dead.
As die son is aan die weste, is die luiwaard op sy beste: k y k Luiwaard.
Die son trek water; Die son haal water: Dis baie warm, daarom sal dit reën: The sun promises rain.
- SONDAG:** Dis nie elke dag Sondag nie: 'n Mens kan nie elke dag wil rus nie: One has to work too.
- SONDAGSKIND:** Hy maak of hy goed is, maar agteraf vang hy allerlei slegte streke aan: He is a goody-goody.
- SONDAGSPAK:** Sy Sondagspak (Godsdienspak) aanhê: Hy het sy beste pak aan: To wear one's Sunday best.
- SONDEBOK:** Die sondebok wees: Die skuld kry as iets verkeerds gedaan is: All things are laid at his door.
- SOORT:** Soort seek soort: Persone met dieselfde karakters gaan graag met mekaar om: Birds of a feather flock together.
- SOP:** In die sop wees: In die moeilikheid wees: To land in the soup.
- SOUL:** Is Soul ook onder die profete! Het jy so verander, dat jy dit ook nou doen: Is Saul among the prophets?
- SOUS:** Van die hele sous niks weet nie: Van die hele saak niks weet nie: To be ignorant of the whole affair.
- SOUT:** Sy sout verdien: Iets goeds doen: To do something worth while.
Sout op 'n voël se stert gooi: 'n Voël probeer vang: To put salt on a bird's tail.
'n Sak sout met iemand opgeëet het: Saam met hom

swaargekry: To have passed through many difficulties together.

Iemand het sout nodig: Hy is laf: To be insipid.

'n Sout-en-peper kleur: 'n Grys kleur: A grey colour.

Iemand is sy sout werd: Hy beteken iets: He is worth something.

Iemand sout: 'n Nuwe student of 'n ander persoon die inwydingsproses laat deurgaan: To salt or initiate somebody.

SOUTPILAAR: Soos 'n soutpilaar staan: Stil staan sonder om te roer of te praat: To stand like a dummy.

SOUTPLEK: 'n Groot soutplek hê: Al baie kaalkop wees: To be bald.

SPAANDER: Laat spaander: Vinnig weghardloop: To take to one's heels.

SPAN: Uit die span spring: Van politieke standpunt verander: To change one's political opinion.

SPAT: Laat spat; Die spat neem: Wegvlug: To take to one's heels.

SPEEK: Die onderste speek kom ook bo: Elkeen kry 'n kans: Each one gets his chance.

'n Speek in die wiel steek: k y k **Stok.**

SPEEL: Jy speel met my: Jy sê maar so, dis tog nie die waarheid nie; jy hou my vir gek: You jest; you try to fool me.

SPEK: Met spek skiet; Hy skiet nie alleen met spek nie, maar hy gooi met die hele vark: Hy lieg, oordryf baie: To draw the long bow.

Vir spek en boontjies: Sommer vir die grap; sonder om meegereken te word: For show.

Dis kool sonder spek: k y k **Kool.**

SPEL: Daar is baie op die spel: Baie hang van die afloop van die saak af: There is much at stake.

SPELD: Iemand sit op spelde: Iemand is in nood, is onrustig: Someone is on tenterhooks.

'n Mens kan 'n speld hoor val: Dit was baie stil: One might have heard a pin drop.

Soos 'n groot speld verdwyn: Ongemerkt wegraak: To take French leave.

SPIEËL: Hulle sit onder die spieël: Hulle staan op die punt om te trou: Their banns are published.

SPIETS: Dit was 'n hele spiets: Dit was 'n baie groot grap of 'n hele opskudding: That was a great joke or a fuss.

SPIEL: Die spil waarom alles draai: Die persoon wat die leiding gee: The person on whom everything depends.

SPIT: Die spit afbyt: Die moeilikste of gevaarlikste werk verrig: To bear the brunt.

SPLINTER: 'n Mens sien die splinter in 'n ander se oog, maar hy vergeet die balk in syne: 'n Mens sien maklik die klein tekortkominge van 'n ander raak en vergeet sy eie foute: To see the mote in another's eye and forget the beam in your own.

SPLINTERNUUT: Heeltemal nuut: Brand new.

SPOED: Haastige spoed is selde goed: Dit help nie om te haastig te wees nie: A thing done in haste is repented at leisure.

SPOOK: Ons sal moet spook: Ons sal moet hard werk: We'll have to exert ourselves.

SPOOR: In sy spoor trap: Hy mag nie 'n fout begaan nie: To mind one's p's and q's.

Uit die vier spore; uit die staanspoor; uit die vier-spoor: Van die begin: From the very beginning, from the start.

Twee (rye) spore loop: Dronk wees: To be intoxicated.

Op iemand se spoor wees: Iemand probeer in hande kry; min of meer weet waar hy is: To be on someone's track.

Sy spore verdien: Bewyse van bekwaamheid lewer: He has won his spurs.

SPOTTER: Spotter kry sy loon; Spotter se huis brand ook af: As jy met die ongeluk van 'n ander spot, kan jy daarvoor gestraf word: If you mock at another's misfortune, you may be punished for it.

'N SPOTVOËL: 'n Persoon wat baie graag terg: A tease.

SPRAAKSAAM: Spraaksaam wees: Bietjie dronk wees: To be intoxicated.

SPRING: Spring nie verder as wat jou stok lank is nie: Moe-nie probeer, om meer te doen, as wat jy kan nie: Don't bite off more than you can chew.

SPRINGTEUELS: Iemand met springteuels ry: Iemand nie baie vryheid toelaat nie: To curb, restrain a person.

SPROOK: Hy sprak g'n sprook: Hy het niks gesê nie: He was tongue-tied.

SPYKER: Die spyker op die kop slaan: Net die regte ding doen: He hits the nail on the head.

Spykers op laagwater soek: Vit; uitvlugte soek: To cavil.

Spykers met koppe slaan: Regte bewyse aanvoer: To speak to the point.

'n Spyker in iemand se doodkis: Gesê van iets (iemand) wat 'n ander se dood sal verhaas: That's another nail in his coffin.

- SPYSE: Verandering van spyse (kos) laat eet (gee eetlus):**
As ons elke dag dieselfde dinge moet doen, dan word ons daarvoor moeg: Change is the essence of life.
- SPYT: Spyt is 'n goeie ding, maar hy kom altyd te laat:** Iemand is spyt oor wat hy gedoen het, maar dan is die daad al verrig: Remorse comes always too late.
- STAAN: Staan jou man:** Gedra jou dapper en wys wie jy is: Show your mettle.
Staan of val by iets: Iets tot die bitter end toe steun: To support something till the very end.
- STAANSPOOR: Uit die staanspoor:** Van die begin: From the very beginning.
- 'N STAATMAKER:** Iemand op wie se hulp en medewerking 'n mens altyd kan reken: A mainstay; a sheet anchor
- STADIG: Stadig maar seker:** Gesê van iemand wat stadig is, maar sy werk goed doen: Slow but sure.
- STANG: Die stang vasbyt:** Net maak wat 'n mens wil deur nie na ander se raad te luister nie; handel sonder om te dink: To act rashly.
- STANK: Stank vir dank kry:** Aangeval word tenspyte van die goeie werk, wat 'n mens gedoen het: The world pays with ingratitude.
- STAPEL: Goed van stapel loop:** Goed afloop: To pass off without a hitch.
- STEEK: 'n Steek op tyd, spaar nege uit:** As iets op die regte tyd gedoen word, dan word baie moeilikhede daardeur voorkom: A stitch in time saves nine.
Iemand in die steek laat: Iemand nie help nie as hy in ongeleentheid verkeer: To leave someone in the lurch.
Nie 'n steek meer sien nie: Niks meer kan sien nie: Unable to see well.
Hou nie steek nie: Dis nie waar nie of geld nie vir alle omstandighede nie: Not to hold good.
Iemand 'n steek onder die water gee: Iemand op 'n skelm manier bedrieg: To hit a person below the belt.
Nie 'n steek gedoen nie: Glad niks nie: He did not do a stitch of work.
- STEEKS: Soos 'n steeks perd; Altyd steeks wees:** Onwillig om iets te doen: To be unwilling to do something.
- STEEN: 'n Steen des aanstoots:** 'n Ergernis: To be a stumbling-block.
Steen en been kla: Verskriklik baie kla: To complain bitterly.
- STEL: 'n Stel aftrap:** 'n Onaangename ervaring hê: To have an unpleasant experience.

Niks met iemand te stel wil hê nie: Niks met iemand te doen wil hê nie: To refuse to have anything to do with a person.

Op stel en sprong: Dadelik: There and then.

STENIG: Iemand kan stenig: Baie kwaad wees vir hom: To be very cross with a person.

STER: Sy sterre dank: Baie dankbaar wees vir die geluk, wat hom oorgekom het: To thank one's stars.

Iemand laat sterretjies sien: Iemand 'n slag met die vuig gee: To give someone a severe blow; to make him see stars.

STERK: So sterk soos ou botter: Skertsend gebruik van iemand, wat met sy krag te koop loop: Said in jest of a person who boasts of his strength.

As 'n mens nie sterk is nie, moet hy slim wees: As 'n mens nie 'n saak met krag kan regmaak nie, moet hy sy verstand gebruik: Where strength is of no avail, one has to use one's brain.

STERT: Iets by die stert beet hê: Die saak verkeerd aanpak: To take hold of the wrong end of the stick.

Iemand vlug stert tussen die bene: Heeltemal bang en verskrik: To take to one's heels.

STERWE: Die dier is op sterwe na dood: Die dier is so-te-sê dood; die dier is baie stadig: The animal is more dead than alive.

STEWEL: Vier stewels in die lug lê: Onderstebo of dood lê: To lie stiff and stark.

STIEBEUL: Sy voet in die stiebeul hê: Die eerste stap tot iets gedaan hê en op pad wees, om sy doel te bereik: To have one's foot in the stirrup.

STIEFMOEDERLIK: Iemand stiefmoederlik behandel: Iemand baie sleg behandel: To treat someone in step-motherly fashion.

STILVELD: Stilveld wees: Weggeloopt hê: To have taken French leave.

STOEL: Op twee stoele sit: Nie party kies nie, maar probeer in altwee se guns bly: To ride two horses.

Dit nie onder stoele of banke wegsteek (prop) nie: Geen geheim daarvan maak nie: To make no secret of.

As jy op twee stoele tegelyk wil sit, kom jy op die grond te lande: As iemand twee dinge tegelyk wil doen, voer hy niks uit nie: To fall between two stools.

STOF: Nie weer sy stof daar laat sien nie: Hy het nooit weer daar gekom nie: He never made his appearance again.

Iemand onder stof loop: Iemand onderstebo loop; iemand baasraak: To get the better of a person.

Loop dat die stof so trek (staan): Baie vinnig hard-loop: To run very swiftly.

Iemand kan nie in 'n ander se stof kom nie: Hy word deur die ander ver oortref: To surpass everybody.

STOFFASIE: Wys van watter stoffasie iemand gemaak is:

Wys wat hy kan doen: To show one's mettle.

STOFWOLKE: Stofwolke opskop: Maak asof 'n mens baie doen: To create a fuss without doing anything.

STOK: Iemand voor stok kry: Iemand berispe: To rebuke someone.

Iemand 'n stok (speek) in die wiele steek: Iemand teëwerk: To put a spoke in a person's wheel.

Stok alleen; Stoksielalleen tuisgebly: Heeltemal alleen: All by oneself.

'n Mens kan dit met 'n stok voel: 'n Mens sien dadelik: It is very easy to know.

Met iemand iets aan die stok hê: Rusie hê met iemand: To have a bone to pick with a person.

'n Stokkie daarvoor steek: 'n End aan iets maak: To put a stop to.

Na dieselfde stokkie mik: Dieselfde doel hê: Two minds with but one thought.

Stokkies draai: Sonder verlof uit die skool bly: To play truant.

STOKDOOF: Baie doof: As deaf as a doorpost.

STOKOUD: Baie oud: Very old.

STOKPERDJIE: Iemand ry op sy stokperdjie: Hy praat alweer oor sy geliefkoosde onderwerp: To ride one's hobby.

STOMPOOR: k y k **Skuinsoor.**

STOOK: Die kêrel stook kwaai: Hy drink (rook) baie: He is a heavy smoker or drinker.

STOPPELS: Op iemand se stoppels oes: Na 'n meisie vry wat iemand afgesê het: To make love to a girl who has been jilted by someone.

Sy sit op die stoppeland (stopland): Sy is 'n oujongnooi: She is an old maid.

Iets op die stoppeland ja: Iets nie meer van groot waarde beskou nie en dit dan laat verwaarloos: Not to value something any more.

STRAAT: Die straat meet: Dronk wees: To be intoxicated.

STREEK: Een streek deur: k y k **Stryk.**

STREEP: Hy het 'n streep: Hy is 'n bietjie mal: He is a bit cracked.

Iemand 'n streep trek: Iemand kul: To deceive a person.

STREEPSUIKER: Iemand streepsuiker gee: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

STRIK: In die strik sit: Gevang wees: To be caught.
woord nie: A catch.

STRING: Sy stringe styfloop: kyk **Riem**.

STROOI: So droog soos strooi: Baie droog: As dry as a bone.
Sy invloed is soos strooi in die wind: Hy het gladnie invloed nie: He has no influence at all.

Niemand 'n strooitjie in die pad lê nie: Niemand kwaad doen of lastig val nie: To do no one any harm.

Nie eers 'n strooi breek nie: Absoluut niks doen nie: Not to stir a finger.

STROOIHUIS: Iemand het kort voor die strooihuis (struis) omgedraai; Iemand ruik na die strooihuis: Hy het swart bloed in sy are: To have a touch of the tar-brush.

STROOM: Met die stroom saamgaan (dryf): Met die meerderheid saamgaan: To sail with the wind; to go with the stream.

Altyd stroom-op gaan: Nooit soos ander maak nie: To be continually opposed to what others suggest.

STROOPKWAS: Iemand met die stroopkwas bewerk: Iemand vlei: To flatter a person.

STROOP-SOET: Baie soet: Very good.

STROP: Die strop om die nek hê: In moeilikheid verkeer: To be in difficulties.

Iemand sal nog stroppe draai: Hy sal dit nog moeilik hê: He is bound to have a hard time.

STRYK: Hy hou nog stryk: Hy hou nog aan: He is still keeping straight.

Van stryk wees: Nie heeltemal gesond wees nie: Not quite well.

Dit wil nie stryk nie: Dit gaan gladnie goed nie: We are not getting on as well as we should.

Hulle twee kan nie met mekaar stryk nie: Hulle kan nie met mekaar klaarkom nie: Those two cannot hit it off with one another.

Nog een stryk (streek) deur: Sonder ophou: Without a break.

Dit gaan nog maar ou stryk: Dit gaan nog maar net soos altyd: Things are still taking the old course.

Weer op stryk kom: Weer regkom: To get into form again.

STUIPE: Die stuipe kry: Regtig kwaad word: To be very angry.

STUIWER: 'n Stuiwer in die armbeurs gooi: Ook iets te sê hê: To have something to say.